PLUS
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
**TOMSTRAAT 92**
**Tel. 4201**
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXII NOMMER 11 9 SEPTEMBER 1977

**PUKKE!**
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
**Johan Claassen Broers**

# NUWE BEDELING VIR STUDENTE

**Drastiese verandering ten opsigte van die student-owerheidverhouding word deur prof. Tjaart van der Walt, rektor van die P.U. vir C.H.O., in die vooruitsig gestel.**

In 'n onderhoud met Die Wapad het prof. Tjaart gesê dit is nie 'n koerswysiging nie, maar eerder 'n nuwe bedeling. Onder dié bedeling wil hy die gesinskarakter van die P.U. vir C.H.O. meer beklemtoon.

Beter verhoudinge tussen student en owerhede word beplan. 'n Advieskomitee bestaande uit die dagbestuur van die SSR en die voorsitter van die Akademiese Raad asook verteenwoordigers van die owerheid is juis besig om ondersoek in te stel hoe om studente beter te betrek.

Prof. Tjaart beoog met die nuwe bedeling groter seggenskap vir studente. Hy sê: "Gee studente die kans om sy eie terreine te behartig." Hy wys daarop dat dit nie nodig is om studente sitting te gee in die Senaat nie. Sy mening is dat dit onnodig is, net soos wat dit onnodig is om iemand van die Senaat sitting te gee op die Studenteraad.

Gedurende die onderhoud kon mens opmerk dat dié rektor 'n besonder trotse rektor is. Hy streef na groter openheid en sê die owerheid wil meer toeganklik wees vir studente.

Weer eens wys hy op die gesinsidee, die studente en die owerheid moet kan praat van "ONS PUK!", het hy gesê.

Die rektor voel egter dat die ideale manier vir wedersydse kommunikasie paralelle liggame moet wees. Op so 'n manier onderdruk mens nie die studente se inisiatief nie, sê hy.

Prof. Tjaart sê verder dat studente moet kom met kritiek en wenke. Hy sê veral in dié tyd van heroriëntering is dit nodig. Kritiek moet egter altyd gegrond wees op feite en dit moet 'n positiewe doel hê, sê hy. "Indien iemand gegronde kritiek het en dit nie lug nie, dan sal ons die mense kwalik neem. Kritiek is altyd welkom as dit aan die bogenoemde vereistes voldoen". Op 'n vraag oor verstopte kanale sê prof. Tjaart dat daar nie so iets bestaan nie. Verstopte kanale is nie-probeer kanale.

Wat veral verblydend is, is die feit dat die rektorswoning deel van die kampus is. Hy sê dat die deure altyd oop is vir studente. Omdat dit deel is van die kampus moet hulle dit gebruik. "Dit was lekker om die nuwe SSR te kon onthaal en so ook die twee rugbyspanne."

Wanneer 'n rektor se oë begin vonkel en hy so 'n skalkse glimlaggie kry as jy praat van intervarsity dan moet mens weet, hierdie man is baie trots.

Prof. Tjaart sê: "Dankie PUKKE, ek is trots op julle." Hy sê hy het die PUKKE in die kleedkamers bedank en ook by die onthaal ná die rugby.

Hy voel egter hy het 'n groot behoefte om te sê: "Dit is nou PUK-gees hierdie". Prof. Tjaart sê hy kon die fiksheid en deursettingsvermoë sien waarmee die intervarsity benader is. Die PUKKE was positief gemotiveerd. Buiten die gelukwensings vir die oorwinning het hy ook gelukwensings ontvang oor die goeie gedrag van die PUKKE.

Hy wil ten slotte hê dat die PUKKE moet weet dat hy trots is op hulle en dat hy oop is vir hulle probleme.

## Regstelling



*Jan Venter*

**Die Wapad wil net verskoning maak vir die weglaat van mnr. Jan Venter se foto as deel van die nuwe SSR in die vorige uitgawe.**

Weens 'n tegniese probleem kon die foto ongelukkig nie geplaas word nie en word dit in dié uitgawe reggestel.

# SSR: Só gaan hulle werk

**Dertien portefeuljes is gedurende die laaste SSR-verkiesing aan die nuwe Studenteraad toegeken.**

Mnr. Steinman de Bruyn, SSR-verteenwoordiger vir die Sportraad het die portefeulje vir Studentediens ontvang. Dit is 'n nuwe portefeulje wat geskep is. Mnr. de Bruyn sal onder meer aandag gee aan nog verbeterings by die Kafeteria, die uitbreiding van studentevoordele en die studentediensburo waaraan daar reeds gewerk word.

Karnaval het as 'n selfstandige portefeulje verdwyn en skakel by die portefeulje, Opleiding en Ontspanning, in. Mnre. Adriaan van der Walt en Jan Botha het beide dié spesifieke portefeulje ontvang.

Gemeenskapsdiens is vir die nuwe termyn die eerste keer 'n portefeulje op sy eie. Mnr. Jan Venter sal gemeenskapsdiens behartig. Prompu is onder meer een van die dienste wat onder dié portefeulje sorteer.

Mnr. Riaan du Plessis het opdrag ontvang om spesiale aandag te skenk aan die kwessie van weerbaarheid op die kampus. Hy, mej. Helena Stoker en mnr. Piet Odendaal het elk 'n portefeulje vir Opleiding ontvang.

Openbare betrekkinge sal in die toekoms deur mnr. Piet Fourie behartig word. Dié portefeulje was voorheen saam met Wapad ingedeel.

Mnr. Jan Strydom wat die portefeulje vir Geboue, terreine, voertuie en Wapad ontvang het, is ook ex officio, 'n lid van die Wapad-redaksie.

Mnr. Danie de Kock het die portefeulje vir Advertensies, publikasies en datums ontvang. ASB-projekte is aan mnr. Jan-Louis du Plooy opgedra. Mnr. Johan van Rensburg sal die portefeulje vir grondwette behartig en mnr. Zoks Schwellnus sal kleure, eksamens, toere en intervarsity doen.

**TELADY**
**MOTORBOETIEK**

| | |
|---|---|
| Motor-stofsuiers | R 4,95 |
| „Louvres" | R29,95 |
| Rentipe stuurwiele | R19,95 |
| 6 v/12 v batterylaaiers | R9,95 |
| Ruitveër-spoedlemme | 59c |
| Super Seemsleer | R 1,49 |
| Motormatte | 69c |
| Skaapvel-motor-sitplekke | R11,95 |
| Kolligte | R 6,95 |

**TELADY**
**"HYPER STORE"**
Gouwsstraat 7 POTCHEFSTROOM
**Tel. 5857**

# SSR – VOORSITTER TOEKOMSPLANNE

**"Nuwe uitdagings – die oorbrug van die kommunikasieprobleem in die studentelewe, die uitbou van die Vaaldriehoekse tak en die finansiële probleme van die Universiteit, sal maak dat die nuwe termyn beslis nie 'n vervelige een is nie", het Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die vorige termyn in sy jaarverslag gesê.**

In 'n onderhoud met Die Wapad oor sy planne vir die nuwe termyn het Theuns veral klem gelê op

- Studente-voordele
- Studentediens
- Gemeenskapsdiens
- Skep van beter kommunikasiekanale
- Die praktiese oplossing vir die geldprobleem.

Theuns is van mening dat die nuwe Studenteraad 'n goeie raad is. Hy voel ook dat die hoë stempersentasie van 70% 'n mandaat is vir die studenteraad. Hy hoop ook dat die openheid wat die vorige termyn geheers het, steeds sal voortgaan.

Gedurende die vorige termyn is daar reeds sekere studentevoordele geskep. (Sien berig elders.) Hy voel egter dat dit verder uitgebrei kan word en hoop dat dit so gou moontlik gerealiseer kan word. Die nuwe Studentediens-portefeulje getuig dan ook van die daadwerklike plan om die plan te realiseer.

Mnr. Eloff voel egter dat nie net die Studentediens verbeter moet word nie. Hy meen dat die gemeenskap ook gedien moet word. Die gemeenskapsdiens wat beoog word is onder meer om Prompu weer te laat funksioneer, koördinering van ander gemeenskapsdienste soos hulpprojekte, onderwys deur studente in Ikageng en Liber Factus.

Op 'n vraag oor sy siening van die gees op die kampus het Theuns gesê dat hy altyd sal strewe na 'n onderlinge kommunikasie tussen studente. Hy sê daar is beslis 'n behoefte na 'n sterk kampusgees. Dit is ook een van sy doelstellings om beter onderlinge skakeling tussen die verskillende verenigings en rade te bewerkstellig.

Theuns streef ook na goeie kommunikasie tussen die Universiteitsdepartemente en die studentelewe. Hy is van mening dat goeie onderlinge kommunikasie kan help met die uitbou van die verenigings se onderskeie werksaamhede. Hy sê ook hy streef na 'n gemeenskapskarakter vir die Universiteit.

Meer praktiese planne van Theuns is die beplanning vir die Studentesentrum. "Twintigduisend rand moet ingesamel word vir meubels van die sentrum" sê hy. Die bedrag sal so gou moontlik deur studente ingesamel moet word.

So tussen die finansiële probleme deur sê Theuns dat hy ook praktiese wenke aan koshuise en verenigings wil gee hoe om meer dinge vir minder geld te kry. Hy het daarop gewys dat geld die afgelope termyn skaars was. "Volgende jaar gaan dit nog minder wees" sê hy.

'n Blink idee wat vir die nabye toekoms in die vooruitsig gestel word, is die verspreiding van nuwe kampustruie vir mans en dames. Leana van der Linde het tydens intervarsity so 'n trui gedra. Die trui sal geel, wit of maroen wees en sal 'n Pukwapen op hê. Verder word daar ook gedink aan 'n oortrui met 'n toe-nek of 'n V-nek.

Theuns is vol planne en idees. Hy sê egter dat hy idees van die studente sal verwelkom. Hy voel hulle moet die vrymoedigheid hê om enige probleem met hom te bespreek.

# PIAF SUKSESVOL IN VONKELPROGRAM

deur Magda Hattingh

Wat 'n belewenis! - WINTERVONKEL: 15 tot 19 Augustus, tydens die sleepuur in die foyer van die kamertoneel, met Aldo Behrens en Paul Schutte wat weer eens die gehoor in die palms van hulle hande gehad het.

Goeie ondersteuning en mooi effekte is bereik deur die orkes met Santjie, Tom en Johanna (veral die nostalgie van die viool), en Nadina se sang.

Dit was só goed om weer te kon luister na die pragtige ou bekende melodieë wat so beheers en in goeie smaak aangebied is. Goeie afwisseling was die duet QUE VIVE deur Paul en Johanna, wat goed gepas het in die atmosfeer vir die hele aanbieding. Die gevaar wat dit ingehou het om te sing wat alleen deur Piaf gesing kan word, is deur Aldo en veral Paul baie goed hanteer.

Maar hoe bring 'n mens "Leopards" en Piaf bymekaar uit? Hoewel dit 'n mengelprogram genoem word, wil die program die indruk skep van 'n saamgeflansdheid, want hoewel Aldo 'n treffende oom Schalk Lourens was en dit genoegsame komiese oplugting verskaf het, kon dit net so wel uitgelos gewees het.

Met 'n tweede glasie sjerrie word die program op 'n hoë noot afgesluit. Dit is egter nie moontlik om die "magic" van hierdie program in woorde te vergestalt nie.

Hierdie Skemervonkel was beslis 'n hoogtepunt in die aanbiedinge van die Departement Spraakleer en Drama tot dusver, en ons sien uit na Lentevonkel, 19 tot 23 September.


SPESIALE AANBOD

SLEGS R18-95



CASSIDYS jeans

DIE BLOU WINKEL

WINKEL 56, NUWE SAKESENTRUM
TEL 6364 EN 21861




*Dames met deftiger somerklere vir 'n sosiale geleentheid*
*Foto: Jaco Pretorius.*

# Partytjie 'n laagtepunt

deur Magda Hattingh

SJÖRDE, die etensuurprogram wat in die foyer van die kamertoneel van die P.U. aangebied word, het verlede jaar op 'n baie hoë noot begin, maar het beslis 'n laagtepunt bereik met "Die verjaardagpartytjie" van Anton Chekhov, regie: Gerrit Swanepoel.

Die regisseur, wat nog baie jonk is, was baie idealisties in dié opsig, dat hy dit waarvoor Chekhov bekend is, nl. sy idee van ou Rusland wat plek maak vir 'n nuwe Rusland, wou oorbring, terwyl hierdie stuk geskryf is bloot met die idee om te vermaak. Daarom die ongemotiveerde musiek aan die begin, wat, ás die stuk plek gehad het vir 'n groter idee, sou kon slaag. Tog het die regisseur daarin geslaag om die atmosfeer van Rusland te skep, maar dit was nie die atmosfeer van die stuk nie, hoewel Chekhov 'n weergawe gegee het van die kleinheid van die lewe en, implisiet daarby, die grootsheid daarvan.

Vermaak? Die spelers het dit in die wiele gery deur te oorspeel en hoewel dit miskien met 'n doel was, is die intimiteit wat geskep word in 'n etensuurprogram nie geskik daarvoor nie. Aldo Behrens, as Shippochin, se onritmiese spraak was soms baie moeilik om na te luister, terwyl Mariëtta Kruger, as Tatiana, wat in die geheel tog oortuig het, by tye baie geforseerd was. Henk Wÿbenga, as Hirin, se spel het oortuig en Elna Achenbach, as Merchootkina, s'n by tye. Hoewel Roelof van den Berg se spel goed was, het die stuk nie hier die klimaks bereik waarna dit uitgereik het nie - dit, rede hiervoor is omdat die spelers nie in hulle spel opgeloop het tot hierdie hoogtepunt nie. Na my mening het hulle nie genoeg op die komiese afgespeel nie en het genot en waardering vir Chekhov agterweë gebly.

Dit is nie die lewe spesifiek wat Chekhov besig hou nie, maar die lewe van sy tyd en dit is vir die toehoorder belangrikste. Waarom dan Chekhov, wat tog 'n periode-dramaturg is, uit periode haal met mantels in periode (wat ongemotiveerd is), en opryg-sandale van die sewentigs en talle ander anachronismes, want die effek van tydloosheid is nie hierdeur bereik nie.

Tog het ons hier te doen gehad met slim regie.

Chekhov het self die drama beskou as "a lawfull wife" en "a showy, noisy, impertinent, and tiresome mistress" - die spelers het baie goed daarin geslaag om hierdie effek te bereik.



*Ligte somerrokkies in die nuutste somerkleure.*
*Foto: Jaco Pretorius*

# KOEL KLEURE VIR SOMER

Die somermodes is vanjaar ontwerp om die vroulike figuur te beklemtoon. Daarom is die style en materiale fyn, sag en baie fleurig.

Die somerkleure is wit, roomwit, ligte blou, pienk of geel - al die tradisioneelerkende koel kleure. Die roklengte is nog baie vroulik en elegant en strek tot by die kuite. Dit blyk asof die lang aandrok se dae getel is.

Die rokke het meestal 'n middellyfsnit, met of sonder frummelplooie. Laag-op-laag sjifon is nog steeds baie gewild. Sigeunerinsembles is ook modedrag vir die somer, waarby wye intrek-bloese gedra word.

Die slenterdrag bestaan uit 'n frillerige, eina-bostuk met 'n langbroek of kort knypbroekie. Aanddrag vir die formele byeenkoms bly nog formeel, terwyl die sosiale dame gerus 'n kuitlengte skemeruitrusting kan aantrek. Dik platformskoene is beslis uit die mode en word vervang deur 'n fyn aandsandaal. Julle kan gerus ook weer die tjalie uithaal. Bedags kan serpe nog met volle oorgawe gedra word.

Al die somerklere is beskikbaar by Truworths in die dorp. Beplan en koop julle somerklere dus nou hartelus.

# WAT DOEN JY?

deur Leenster Pasch

Hoeveel van jou tyd sit jy om, op jou koshuisbed, koffiebeker in die hand? Hoeveel van wat gesels is werklik pitkos, werklik die moeite werd om na te luister? Raak jy nie soms bekommerd as jy saans 'leeg' in die bed kruip nie?

Dat só 'n toestand, hierbo beskryf, wel op ons kampus en in ons dameskoshuise bestaan, is nie te betwyfel nie. Ons studente is egter nie alleen skuldig aan die neutrale jellierige lewenshouding nie. Dit is 'n tydsgees - dit het mode geword om skouerophalend en onbetrokke dag vir dag te bestaan.

Maar nou, kan juis ons studente, omdat ons in die avontuurlikste deel van ons lewe staan, ontsnap van so 'n neerdrukkende situasie? Omdat ons daagliks die geleentheid het om weg te breek en nuwe dinge te ontdek - dinge wat werklik saak maak in die lewe. Dinge waarsonder ons psige nie kan lewe nie - want ons mag nie net bestaan nie'.

Maar om weg te beweeg van die 'teorie' waaroor almal so heerlik kan saampraat laat ons meer prakties wees.

Wat weet jy presies van Mozart, behalwe dat hy 'n wêreldberoemde komponis is? Wat weet jy van van Wyk Louw, behalwe dat jy deur een van sy versdramas moet worstel om jou matriek te behaal?

Is dit nie tyd dat jy een middag afstap musiekbiblioteek en werklik na 'n vioolkonsert van Mozart gaan luister en so iets ontdek nie? Of gesels met 'n B.mus student daaroor - ruil kennis uit'.

Ons leef so tragies verby gedigte, beskou skilderye as iets vir ander mense'. - kén jy Maggie Loubser werklik? Wat weet jy van Chinese porselein, Oostovski of broodbome? Ons sit met die Ferdinand Postma Biblioteek in die middel van die kampus en ons gebruik hom nie'.

Ek bepleit geen intellektuele superdame nie - maar ons moet werklik iets begin DOEN met ons tyd'.


PRO-REGE

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

„die Potchefstroomse boekhandel"

Tomstraat 86 - - Potchefstroom

Tel. 8875

# ESPERANTO -PUK

**Die Esperanto-vereniging op die PUK het reeds 'n kerngroep gevorm en beplan twee "kursusse" vir 1978.**

In die termyn 1976/77 het die Esperanto-PUK, soos vele verenigings, vele dinge beleef. Miskien die hoogtepunt: die aflegging van die primêre Esperanto eksamen!

Die Esperanto-vereniging is reeds meer as 'n jaar oud en 'n klein kerngroepie het gevorm. Hierdie groepie begin al so wankel-wankel met mekaar praat: en dan word die ding mos lekker! Ons beplan om volgende jaar twee kursusse aan te bied: 'n beginnerskursus en 'n gevorderde kursus. Lede sal onderling help en klas gee.

En dan skrik 'n mens so maklik vir die woord "kursus". Nog 'n akademiese vak by? Nee, glad nie. Esperanto is 'n eenvoudige taal: daar is 16 basiese reëls en geen uitsonderings nie. Aangesien die taal 'n tipe "fanagalo" is, sal enige mens woorde uit sy moedertaal daarin teruggvind.

Daar verskyn baie publikasies in Esperanto.

Veertien radio-stasies saai in Esperanto uit: hieronder val Bilbao, Peking, Rome, Warsaw en Vienna.

Wat is dan nou die doel van so 'n internasionale hulptaal? Esperanto wil die chaos by internasionale betrekkinge opruim. Dit wil 'n neutrale kommunikasie-sisteem vir die hele wêreld wees.

Naas Esperanto, kan elke volk dan sy eie taal bevorder. Dit sal nie meer nodig wees om die sg. wêreldtale te leer nie. Deur Esperanto kan 'n mens ook penvriende dwarsoor die wêreld kry- en selfs 'n verblyfplekkie kan orsee gereël word by 'n Esperanto vriend!

En dit alles vir so minsulke lekker moeite! Hou jou rooster oop vir die Esperanto-PUK se bedrywighede in 1978.



*Lede van Restorasio, die babaklub op die PUK, afgeneem tydens 'n besoek aan die VVC.*

# RESTORASIO GAAN KUIER BY DIE VVC

**Net weer 'n kort bekendstelling van Restorasio. Ons is 'n groep studente wat, te midde van sosiale aksies, oudhede, veral motors, versamel en restoreer. Die VVC is: "The Vintage and Veteran Club."**

Daar het ons van 'n negentien voertsek Rolls Royce tot 'n hiper moderne Jaguar gesien. Motors te sien en te gesels vir elke man en meisie. Ons is baie goed ontvang en gaan beslis weer. Die keer nie weer met 'n PUK-kombi nie, maar met minstens drie van ons eie veteraan motors.

## NUWE WAPADREDAKSIE

**Enige persoon wat belangstel om te help met die Wapad moet hulle aansoeke pos in Bussie 13, SSR-kantoor.**

Die volgende poste is vakant:

Assistent Hoofredakteur
Redakteur: Rade en Interuniversitêr
Redakteur: Manskoshuise
Redaktrise: Dameskoshuise
Redakteur: Sport
Redaktrise: Sport
Kunsredakteur
Redaktrise: Damesblad
Nuusredakteur
Tegniese redakteur
Redakteur: Vaaldriehoek
Fotoredakteur
Sekretaresse
Penningmeester

Alle aansoeke sluit op Woensdag, 9 September 1977.

# SPESIALE DIENSTE VIR STUDENTE NOU WERKLIKHEID

Die langverwagte beloftes van studentevoordele is uiteindelik gerealiseer. Verskeie motordiensstasies het besluit om 'n uitgebreide diens aan studente te lewer.

'n Organisasie is vir die doel gestig. Dit bestaan uit Harold's Automobile Service Station (Edms.) Bpk., Pat's Motors (Edms.) Bpk., en T.X. Paneelkloppers. Dié organisasie sal poog om gesamentlik in al die behoeftes te voorsien.

'n Afslag van 15% sal op onderdele van enige fabrikaat toegestaan word. Nuwe motors waarin handel gedryf word – dit is Volkswagens en Datsuns – se normale pryse word met 5% verlaag. Dieselfde korting is op gebruikte motors van toepassing.

Die arbeidskoste van 'n smeerdiens word met 'n rand gesny tot R1,50. Daar sal slegs 'n wins van 10% op die kosprys van die olie gehef word.

Soos alle onderdele word daar ook 'n korting van vyftien persent op die onderdele van enige herstelwerk toegestaan. Die normale arbeidskoste word met 10% gesny.

Studente wat aan die stelsel deelneem hoef net R1,00 te betaal om hulle motors te laat was en politoer deur 'n outomatiese wasapparaat. Die normale prys is R1,50. Met elke R20 se petrolaankope sal die koper geregtig wees op 'n gratis motorwas en politoer.

Paneelklopwerk sal verder teen afslagpryse aan studente toegestaan word. Kwotasies sal ook spesiaal gedoen word.

Voordat 'n student van die spesiale dienste gebruik kan maak, moet hy eers 'n kenteken op sy motor plak. Die kentekens is by die SSR-kantoor beskikbaar.

Studente moet net daarop let dat die petroljoggie 'n kontantstrokie moet gee wat later kan dien as bewys vir 'n gratis motorwas en politoer. Dit sal ook raadsaam wees om die petroljoggies elke keer te wys op die kenteken.

**Studente-diensfonds**

Benewens al hierdie voordele onderneem Harold's verder om 'n ½ sent vir elke liter petrol wat deur 'n student ingegooi is, op 'n trustfonds in te betaal. Dit is die studentediensfonds. Hierdie geld sal gebruik word om die studentediens te bevorder. Dit word bereken dat as 2 000 studente elk R20 se petrol per maand ingooi, daar 'n bedrag van R1 071 in die fonds inbetaal sal word.

**Uitbreidings**

Prof. Goosen van die Departement Sielkunde sal as direkteur van die studentediens aangestel word. Die direkteur sal verskeie universiteite besoek om te sien hoe die studente-dienste elders funksioneer. Hy sal ook 'n breë insig verkry oor die diens. Sy reiskostes sal gedra word uit die studentediensfonds.

Daar sal verskeie dienste deur die onderskeie departemente op die PU vir CHO aangebied word. Só sal die Departement Sielkunde aanlegtoetse afneem en help met studie- en persoonlike probleme.

Die L.O.-departement sal ingespan word. Hulle sal byvoorbeeld lewensreddingskursusse aanbied.

Alhoewel daar nog probleme ondervind word, word daar ook gedink aan 'n eie mediese dokter vir die kampus. Hierdie dokter sal ook deels uit die studente-diensfonds betaal word. Die aptekers-studente beoog om 'n apteek op die kampus op te rig. Doktersvoorskrifte sal hier teen 'n verminderde prys ingehandig kan word.

Verskeie winkels sal ook deelneem aan die afslagskema. Sekere klerewinkels, drankwinkels en die Wimpy Bar het reeds te kenne gegee dat hulle bereid is om afslag aan studente te gee. Daar moet nog net finaal besluit word hoe groot die afslag moet wees. Droogskoonmakers wou tot op hede nie instem om afslag te gee nie.

In 'n onderhoud het mnr. Pieter Möller gesê dat 'n studente-diensboekie hopelik voor die einde van die jaar saamgestel sal wees. Dié boekie sal twintig sent kos en al die winkels wat afslag gee se name bevat.

Mnr. Möller was die afgelope termyn met die saak gemoeid. Mnr. Steinman de Bruyn sal die studente-diens by mnr. Möller oorneem.

**ASB-projekte**

Die ASB werk op die oomblik aan studente-dienste op nasionale vlak. Hulle poog om afslag by hotelle, kettingwinkels en die SAL te reël. Die Suid-Afrikaanse Lugdiens sal kaartjies vir oorsese-reise teen verminderde pryse aanbied. Dit lyk op hierdie stadium of die Spoorweë nie by die projek betrek kan word nie.

Volgens mnr. Möller word daar reeds drie jaar aan hierdie diensprojek gewerk. Dit begin nou eers om werklikheid te word. Hy voel dat dit nou so ver as moontlik gevoer moet word.

## WAT IS PROMPU?

As 'n studente-organisasie wil Prompu:

- Op Bybelse grondslag alles probeer doen tot eer van God en tot heil van die Kleurlinge;
- 'n Diensorganisasie op vrywillige grondslag wees;
- Die Kleurling help om homself te help;
- Hulp op aanvraag verskaf;
- Goeie verhoudinge tussen Kleurlinge en blankes bevorder.

Prompu wil aan die Kleurlinge van Promosa 'n geleentheid tot vorming op verskillende terreine skep, nl. sosiaal maatskaplik, akademies, sport, ontspanning en kultureel.

Om aan hierdie behoeftes te voldoen word daar ywerige persone benodig om die verhoudinge met die inwoners van Promosa te versterk en te bevorder.

Belangstellendes kan skakel met Jan Venter by S.S.R. kantoor.

## SKIETKLUB VIR STUDENTE

**DIE Suid-Afrikaanse Polisie te Potchefstroom is bereid om 'n skietklub vir mans- en damesstudente te open, indien daar genoeg belangstelling is. Hierdie skietklub sal vanaf 1978 in werking begin tree maar alle belangstellendes moet reeds op Dinsdag, 12 September om 13h30 vir my, Hse Kuun, by die SSR-kantoor ontmoet.**

IS U OP SOEK NA

- 'N STEREO HOËTROU
- 'N STEREO BANDSPELER
- OORFONE
- BANDOPNEMERS
- DRAAGBARE RADIOS
- WASMASJIENE
- VRIESKASTE
- YSKASTE
- SKOTTELGOEDWASSERS
- TELEVISIE
- MTOR RADIOS
- MOTOR BANDSPELERS
- LUIDSPREKERS

Ons waarborg die laagste pryse

ALLI'S

DISKONTOHUIS

TEL. 3810, WINKEL 29, INDIËR SENTRUM POTCHEFSTROOM

# INTERVARSITY 30 – 27



*Pens en pootjies in 'n judogreep* *Foto: Fotokuns*



*Die tradisionele skynhof.* *Foto: Fotokuns*



*Die Ibbies het ook gewen.* *Foto: Fotokuns*



*Dames hokkie, die Pukke storm*



*Vat vyf, julle het dit gedoen.* *Foto: Fotokun*



*Hans Hitler en Jan van Wyk maak weer vrede.* *Foto: Fotokuns*



*Gelukkig is die mat darem sag . . .* *Foto: Fotokuns*

*Die trompoppies in gelid.*



*Foto: Fotokuns*



*Nou PUK nou, nou PUK nou . . .*
*Foto: Fotokuns*



*Kom nou PUKKE!*
*Foto: Fotokuns*



*Die Pukke teken 'n doel aan*
*Foto: Fotokuns*



*Eina, dis mos seer man.*
*Foto: Fotokuns*



*Die sjampanjenooientjies – fris soos die lentelug.*
*Foto: Potch Herald*




*Pukkies net voor die hoofwedstryd.*
*Foto: Fotokuns*

die WAPAD

# BELEID

**Soms wonder 'n mens presies waarvoor is daar 'n blad soos Die Wapad. Dit is dus noodsaaklik dat daar 'n beleid gestel word sodat daar meer duidelikheid oor dié publikasie kan wees.**

**Die Wapad is 'n koerant deur studente, vir studente en dien as hulle mondstuk na buite sowel as na binne. Dit is egter nie 'n neutrale blad nie. Hierdie blad wil Christelik verantwoordelik optree op 'n konserwatief-reformatoriese wyse.**

**Enige nuusblad moet streef na objektiwiteit, so ook Die Wapad. Daar sal sover moontlik gepoog word om 'n balans te handhaaf in alle beriggewing en kommentaar. Die blad sal dus probeer om verantwoordelik beide kante van 'n saak te stel.**

**Soos enige koerant 'n verantwoordelikheid het teenoor sy lesers, het Die Wapad 'n plig teenoor studente. Buiten die verpligting teenoor studente moet dit ook bou aan 'n beter beeld van studente en die universiteit na buite.**

**Die Wapad is 'n instrument vir dialoog tussen teenoorgestelde pole. Dit is dus belangrik dat die blad altyd eerlik sal wees. Daar moet ook gestreef word na groter openheid tussen die teenoorgestelde pole.**

**Om werklik diensbaar te wees teenoor sy lesers sal Die Wapad poog om altyd nuuswaardig, leeswaardig, openbaarmakend, tegnies goed versorg en gesaghebbend te wees. Dit is egter onmoontlik om suksesvol te wees indien daar nie 'n gedurige wisselwerking tussen die redaksie en die studente is nie. Ons maak dus staat op almal se samewerking.**

**Die Wapad is 'n nuusblad; daarom onderskryf ons ook die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Persunie ten volle.**

# PUK-TROTS

**Intervarsity is een van die hoogtepunte gedurende die akademiese jaar. Dit is meer as 'n hoogtepunt as 'n universiteit dit wen. Dit is lekker om 'n Puk te wees. Baie geluk aan al die spanne en ander deelnemers wat gehelp het om intervarsity so groot te maak.**

# NUWE MENSE

**Die Puk-kampus wemel van nuwe besems. Die Wapad wil net aan alle nuwe rade, besture en huiskomitees sterkte toewens met die groot taak wat op hulle skouers rus. Onthou net dat die mens feilbaar is - IN U LIG SIEN ONS DIE LIG.**

## IN MEMORIAM

**Hiermee wil Die Wapad se redaksie en studente van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. hul innige meegevoel teenoor die ouers en naasbestaandes van Thys Strydom betuig.**

**Dit was vir die Puk 'n groot verlies om 'n Puk soos Thys te verloor.**




# WAT IS?

deur ISABEL HOOGENBOEZEM

**Wat se tyd is dit op die PUK? O, dis seker die tyd van groot akademiese drukte, die tyd van baie toetse en versnelde tempo in die klasse, die laaste werk moet mos nog klaar voor bloktyd. Seker ja, amptelik is dit seker so.**

Maar die toneel lyk heel anders - dit lyk eerder asof die akademie onder die sosiale druk moet swig. Dis mos Augustusmaand en dus, tyd vir afsluitingsdinees. Niemand kan sê die PUKKE is laks nie - daar is nooit 'n beter tyd om iets af te handel as nou nie - dus sluit ons sommer nou die jaar af - wat klaar is, is klaar.

Die SSR-dinees en raadsdinees, koshuisdinees en verenigingsdinees. Almal wonder wie hulle gaan skiet, of deur wie hulle geskiet gaan word (ek bedoel nou nie die Makouvleiers se petaljes nie.) Dis rokke en reëlings; elke groep organiseerders moet die vorige jaar se groep oortref. Daar moet baie wyn wees, want die PUKKE moet mos iets vir die wêreld bewys.

Waar 'n groep mense 'n jaar saamgewerk het, is so 'n dinee nogal 'n fees. Dit het inhoud, die mense ken mekaar se tipiese aanmerkings en kwinkslae vlieg heen en weer. Waar daar niks meer as 'n verwelkomings- en afsluitingsfunksie gehou is nie, gaan dit maar sukkel-sukkel om die mense 'n aand lank te vermaak. As almal klaar gevra het waar almal vandaan kom, hoeveel kinders hulle is en wat hulle swôt, is die gesels ook op. Maar as daar 'n vereniging is, moet daar 'n afsluitingsfunksie wees - dit sal ook help verseker dat mens weer 'n begroting van die nuwe SSR kry!!! Maar die afsluitingsdinees moet darem ook end kry, onthou ons moet nog heelwat verwelkomings of inwydingsfunksie inpas voor bloktyd!

O ja, dan is natuurlik nog verkiesingstyd: SSR en rade is afgehandel; nou is dit HK's. Dis tog 'n interessante tyd op die PUK, so voor 'n SSR-verkiesing. As mens jou PUK-baadjie dra, werf jy stemme, as jy hom nie dra nie, is jy darem alte seker van jou saak! Groet moet jy, maar net nie te vriendelik nie.

Wat vir my die heel interessantste is, is die stemtelling - ek bedoel nou nie die amptelike tellery nie. Nee, dis nou die stemtellery vóór die verkiesing.

Dis absoluut seker dat X sal inkom, hy het drie koshuise wat hom steun; bowendien het hy 'n ellelange curriculum vitae. Kandidaat Y het beslis nie 'n kans nie, hy bly in die dorp of in 'n klein koshuisie, hy kan maar vergeet.

So tel die mens, so wik en weeg ons en verabsoluteer ons, ons eie stemkrag. Dit lê mos ten slotte in die kiesers se hande, hulle sal besluit.

Is die verkiesing verby, is die kenners stil. En dan tref dit tog! So beskik God. So gebruik hy ons stemkrag as instrument om mense in die posisies te plaas waarvoor Hy hulle geroep het. En op die lang duur val die legkaart tog inmekaar, vind elkeen sy plekkie waar hy nodig is, al is dit so heel anders as wat ons dit beplan het.

Dit was nou weer HK-verkiesings. Weer eens het dit onderlangs gegis. Dit was vir my die mees geheimsinnige verkiesingstryd. Niemand sê niks van iemand nie, en tog weet almal alles van elkeen se skandes - wat sy verlede jaar by die koshuisfunksie aangehad het, of sy ten gunste is van nuwe asbakkies in die sitkamer, of hy gesorg het dat die koshuis se eerstejaars ten minste 'n week later as die ander koshuis s'n onthef is, dat hy gesorg het dat die koshuissnoepie Rothmans ook aanhou. Alles baie belangrike aspekte by die kies van 'n huiskomiteelid.

Maar as dit alles verby is, dan vergeet ons mense darem weer al die dinge en na 'n paar weke is dit al weer óns koshuis en óns HK - tot volgende jaar hierdie tyd!

Ek het glad vergeet van die intervarsity waaroor die PUKKE nou nog jubel! Maar miskien is dáároor al genoeg gesê sonder dat ek ook nog my stem daarvoor uitbring (om dit so in verkiesingstaal te sê). Voorwaar, dis 'n bedrywige tyd op die PUK! Dit kan tog ook nie anders nie. Dis een van die dae eksamen en voor ons kan uitspan daarvoor, is daar nog baie belangrike sake wat afgehandel moet word. Voorwaarts, nou.

# Uit die Woord

*"Stuur u lig en u waarheid, laat dié my lei; laat die my bring na u heilige berg en na u woninge."*
*As dit donker is* om *ons, skakel ons 'n lig aan.*
*As dit donker is* in *ons, dan bid ons.*
*Wat bid ons?*
*Stuur u lig en u waarheid.*
*Wat is die oorsaak van die duisternis in ons?*
*Die mag van die bose verdonker ons lewe eerder as om dit te verlig.*
*Hy kom as die kind van die lig.*
*In alle benouende situasies is hy teenwoordig om ons te teister, om ons te versoek.*
*Die digter is in 'n vreemde land, weggevoer deur sy vyande.*
*Hy het net een begeerte.*
*Ek wil in die huis van God wees.*
*Ek wil my daarin verlustig om by my God te wees.*
*Ek wil lofliedere sing.*
*Ek wil by die altaar wees.*
*Die altaar?*

*Wat beteken die altaar vir hom, vir ons?*
*Christus, die Lam, moet daarop geoffer word.*
*Dit is waarvoor hy bid.*
*Die offer op die altaar is die enigste wat hom weer ten volle met God kan versoen.*

*Intussen teister die Satan hom.*
*Waar is jou God?*
*Vandag antwoord die wêreld op die vraag: God is dood.*
*Hy leef nie meer nie.*
*Hy verlos my nie meer uit my ellende nie.*
*Kyk hoe lyk die wêreld.*
*Hoe kan God nog leef?*
*Wat antwoord die gelowige?*
*Hy bid.*
*Stuur u lig en u waarheid.*
*Sy gebed staan in verbondsperspektief.*
*"U lig" is u verlossing.*
*"U waarheid" is u verbondstrou.*

*U alleen is 'n bestendige, betroubare, standvastige God.*
*Wat U beloof het, dit doen U.*
*U het aan Abraham verlossing beloof.*
*Stuur dit!*
*God het gestuur.*
*"En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie." Joh. 1:5.*

*In Christus het ons die lig, die verlossing.*
*In Christus is ons weer met God versoen.*
*In Christus kan ons met vrymoedigheid opgaan na sy huis.*
*Wat doen ons met die lig?*
*Sit ons dit onder 'n maatemmer?*
*Of straal ons dit uit!*
*Ons het dit gratis ontvang.*
*Moenie dit vashou nie.*
*Moenie dit toemaak nie.*
*Straal dit uit in die duisternis.*
*Verkondig dit deur u geloofsvertroue!*

# MAKOUVLEI BUIT KOSHUISLIGA

**'n Lekker jaar in Makouvlei nader, namate eksamenwolke swart op die horison begin saampak, vinnig sy einde, maar watter dramatiese afsluiting was dit nie!**

Nadat ons die seisoen op 'n hoë noot begin het, veral met ons oorwinning oor Caput begin ons groot wonder, veral na ons naelskraapse nederlaag en 'n gelykopbeslissing teen Hombrè, of ons die beker sal inpalm. Sou ons weer soos tydens die 1976 seisoen ongelukkig wees of sou ons dit maak. Op die stadium was dit net ons 2 oorwinnings teen Overs wat ons gemoedere kon sus.

Soos dit moes wees, doen Dorp ons 'n groot guns en daar sit ons met die gesogte koshuisbeker. Watter heuglike dag! Geluk aan Retief (wat die span 'n groot deel van die seisoen aangevoer het) en aan Hoppie en dié ouens, wat weereens 'n klinkklare bewys gelewer het dat ons kant van die spoor, darem nog die beste is.

"Wanted! Billy the kid from the vlei"

Enige vrywilligers vir 'n skoot in die boud? Indien nie, luister: grasperke voor 'n manskoshuis, en veral voor Makouvlei is "geproklameerde" koshuisgrond en bowendien nog, na 12 uur in die aand, heilige grond.

Histories gesien, lê die wortels van hierdie storie dieper as net dit. Nadat Gerrie tokkelok se Datsun skielik verdwyn het en daar aan nog 'n paar ouens se motors gepeuter is, ten spyte van ons "nagwag", wat ten tye van die gebeure waarskynlik elders besig was met sy "los maag" was die manne se humeure al hoogs ontvlambaar. Die middernagtelike eskapades was net 'n laaste vonk in die kruitvat en ongelukkig moes 'n paar manne dit lelik ontgeld. Aan enige verdere voornemende droogmakers, weet dan:

"beware, tresspassing on this grounds are strictly prohibited after 12 and is punishable by a painful shot in the behind."

Johan, dankie vir die verligting, weet net die manne is agter jou.

Sleepaksies het, namate die winter sy tol geëis het, vir 'n paar manne rampspoedig geëindig. Aan Eric, die Skim, Petrus, Jaws en Loekie, manne geluk en baie hartlik welkom terug by die "Bachelor squad" van die vlei. Aan die manne met wie dit beter gegaan het, André en Petrus later (selfde een), geluk met jul verlowings.

Geluk aan "Duck" met sy terugkeer na 'n "permanente" verlating en aan Pine en "Heinz" met hulle suksesvolle "streak" oor die grasperk. Jammer ou Heinz, dat Pine so baie oor jou struikel, 'n mens wonder net wie laat altyd vir wie so val, jy't in elk geval al ons simpatie.

Geluk aan al die eerstejaars wat nou opgeneem is in ons midde, en aan Kobus, dat sy rooi kar gekom het.

Hartlik geluk ook aan: Bennie Batman, dat sy skynaanvalle tydens intervarsity geslaagd was, Ben "Bulbs" met sy hoë verkoopsyfer en aan Bach en Bernie wat na 'n tyd van afwesigheid (verbanning!) terug is by die BP's.

Ja, Manne - groot is 1977, lekker is die pret en sommer al die ander sports, 'n groot dankie aan almal, wat maak dat Makouvlei net is wat hy is, sterkte vir die eksamens!

# VERGEET-MY-NIE VERWELKOM EERSTEJAARS

**Die afgelope tyd het dinge heel voor die wind in Vergeet-my-nie gegaan.**

Nadat die seniors gemerk het hoe mooi die eerstejaars hulle begin gedra, en dat hulle nou van die meeste van hulle matriekkomplekse finaal ontslae geraak het, is daar besluit om die arme bloedjies finaal te onthef.

Hulle is aangesê om 'n partytjie vir die seniors te reël, min wetende dat dit eintlik vir hulleself was. Groot was die verrassing dus toe hulle met die aanvang van die partytjie besef dat hulle inderwaarheid hulle eie partytjie georganiseer het.

Aan al die volwaardige eerstejaar vergeet-my-nietjies wil ons by vernuwing 'n hartlike welkom sê. Julle is nou so deel van die koshuis soos kan kom.

Ons is baie trots op die eerste hokkiespan van Vergeet-my-nie wat die eerste hokkieliga gewen het. Tydens die intervarsity het die eerste liga hokkiespan van Vergeet-my-nie gelykop gespeel teen Soetdorings van Kovsies.

Met sulke puik sportuitslae en die feit dat die Springbokke die (rugby) toets gewen het en dat die lente in die lug is: wie kan dan nog met 'n lang gesig rondloop oor 'n (klas) "toets" wat hy/sy verloor het?

# KALWERHOF

**En as ons moet dink aan wat Klawerhof vir ons beteken, dan is dit die kom en gaan van gewone dae wat self vertel. Ons is weer in hierdie jaar bly dat ons studentwees koshuiswees is, bly ook oor die saamgroei om sterker mense te word in Koffiedrinkkamers langs laatnagboeke en ook in ons gewone grappies en geselsies.**

Weer kon ons al ons jonkwees in Klawerhof wees. Hier ken ons mos die lekker van die eerstejaartyd se allesdoen-heid, die koue van die winteroggend opstaan (of bly lê?) en die spesiale hartklop as ons dalk later jare nog ander sal hoor sing: "Ek weet daar is net een plek . . ." En dan sal ons miskien meer dink en verstaan wat ons Klawerhof vir ons beteken het . . .

# Klooster, Trapkarre en Intervarsity

**'n Vreemde ongemak broei die paar dae voor intervarsity onder die trapkarspan. Telkens na 'n paar oefenrondtes, bespied die manne valkagtig die stuurmeganisme, bande en ratte. Verstarde gesigte spel die erns en vasbeslotenheid om te wen. Eindelik breek die dag aan. Spanning. Erns. Klooster, Kiepersol en Caput. Nat handpalms laat die handskoene vasklou en jou voete voel klewerig in jou skoene. Weg is hulle! Krakend klap die kettings verby. Breed bondel hulle op die draai om dan een-een, soos deur 'n uurglas, voort te skiet.**

Almal wemel. "Pasop, hier kom Johan!" "Kierie, is jy gereed?" "Theo moenie te hard agter afdruk as jy stoot nie; die voorwiele lig op!" "Gryp die handvatsel!" "Yeees!!!! Spiere knop onder die vel, plate ratel verweerd aan die raamwerk en in elke jaer se nek gryp die gekrulde hare soos vingertjies na die sweet. "Ons is twee rondtes agter Kiepersol! Kom, boys, ons moet wen!'' Nog net een rondte . . .

Helaas, dit is iets van die verlede. Met taai liggame en wit snare wat tussen die tande span, omhels die Kloosterspan mekaar tevrede. Ja, ons het die derde plek terdeë verdien. 'n Bottel klap en wit spoeg boog deur die lug. "Die PUKKE wen alweer die Intervarsity!"

# CAPUT: *VERANDERINGS KOM*

**'n Ongelukkige laaste wedstryd teen Dorp veroorsaak dat Caput I in die wedloop na die beker tweede moes eindig. 'n Jaar se harde werk was darem nie tevergeefs nie, aangesien Caput II en Caput III albei hul onderskeie ligas gewen het. Baie dankie aan al die manne se toegewyde samewerking. Caput het reeds bewys dat harde werk lonend is. Dit is net jammer dat deur die seisoen vier wedstryde afgelas moes word, omdat sekere spanne net wegbly.**

'n Uiters geslaagde aksie is met Klawerhof gehou. Almal het dit besonder geniet, en veral so een of twee nuwe romanse is 'n bewys van die geslaagdheid daarvan.

'n Paar veranderings word in die nabye toekoms verwag. 'n Herskepte televisiekamer, groen grasperke, eerstejaars wat getrou telefoondiens doen, en 'n nuwe HK. Vreemd genoeg, so van HK gepraat - sekere mense is uiters vriendelik en beleefd en hulpvaardig die afgelope tyd. Ek wonder of hulle dalk genomineer is.

Die tennisliga is ook deur Caput ingepalm. Geluk aan al die spelers, en baie dankie vir nog 'n beker wat by die versameling gevoeg kan word.

# UIT NO. 13

### POLITIEKE SSR-VERKIESING?

Geagte Redakteur,

Gedurende die afgelope ASB-kongres in Pretoria en gedurende die afgelope Studenteraadsverkiesing aan die PU vir CHO het dit vir my ontstellend duidelik geblyk dat ons leiers 'n besonder verligte beleid t.o.v. die Politiek vanuit die PU vir CHO laat uitstraal waarvoor ek in my hart oortuig is, daar geen mandaat bestaan vanaf die kieserskorps van die Puk nie. Tans word daar dan ook deur die buitewêreld geglo vanweë die beeld wat uitgedra word, dat die Puk 'n baie verligte kieserskorps het hoewel die waarheid waarskynlik van die teendeel getuig.

Aan die afgelope Studenteraadsverkiesing is 'n politieke nuanse verleen waarvoor, glo ek, die Puk nog nie op hierdie stadium met die uitbring van hulle stem geskool is nie. Uit my gesprekke met talle studente het dit duidelik geblyk dat die persone vir studenteleiers met die oog op studentepolitiek gestem het en nie ook met die oog op landspolitiek nie. Ter illustrasie van wat ek bedoel verwys ek na die huidige verkose Studenteraad. Daar is van hulle wat baie verlig en baie konserwatief is. Die vraag ontstaan nou watter politieke beeld moet nou namens die studente van die PU vir CHO na buite uitgedra word? Dit word aldus betwyfel of die massa die volle konsekwensies van die afgelope SR verkiesing besef aangesien dit uit die stemming blyk asof die klem slegs op een aspek van die leier se persoon geval het, nl. die aspek m.b.t. studentepolitiek.

Ek moet dit beklemtoon dat ek mnr. Theuns Eloff se beleidsverklaring m.b.t. die deelname van studente aan die breëre politiekeverband wel deeglik onderskryf en is ek nie van mening dat hulle as 'n politieke drukgroep moet funksioneer nie. Ek wil egter 'n voorstel maak dat daar in die vervolg, tot tyd en wyl die massa daarin geskool is om vir 'n twee-in-een persoon te stem, ook daaraan gewerk moet word om die massa te leer dat hulle nou nie meer vir 'n studenteleier in die ware sin van die woord stem nie, maar ook vir 'n leier wat die politieke beskouing van die massa na die buite-wêreld moet uitdra.

Omdat die leier - volgens die klem wat daar, by wyse van plakkate, gedurende die afgelope Studenteraadsverkiesing op die aspirant leier se politieke beskouing gelê is - dus 'n twee in een leier is, nl. politieke figuur en 'n figuur in die studentepolitiek, sal daar eenvoudig net 'n twee-in-een verkiesing in die toekoms gereël moet word. By die betrokke kandidaat se stembussie sal daar dan ook twee addisionele bussies geplaas moet word, nl. meer verkramp of meer verlig ten einde die leier nie slegs 'n mandaat te kan bied as studenteleier nie, maar ook 'n rigtinggewende mandaat as 'n politieke figuur en hy dus as eenheidsleierfiguur vir die PU vir CHO kan funksioneer. Aldus sal die S.R. nie slegs as eenheid kan funksioneer t.o.v. die Studentepolitiek nie maar ook binne die raamwerk van die landspolitiek en sal hulle op alle vlakke die ware spreekbuis vir die studenteaangeleenthede hê.

Ek lê my voorstel ter insae aan u voor, nie omdat ek wil hare kloof nie, maar omdat ek wil verhoed dat waar die Puk al hoe meer Politiek bewus word, daar eendag op die pad vorentoe nie meer Studenteraadsverkiesings op die Puk gehou sal word nie, maar wel politieke verkiesings soos dit bykans op Matieland geskied. Ek wil graag sien dat die knapste studenteleier in die voorgestelde stelsel na vore geskuif word met genoegsame mandaat vir sy politieke oortuiging uitgestem word nie; 'n leier in wie steeds die politieke oriëntasie van die Puk weerklank sal vind soos bepaal deur 'n mandaat, verkry vanaf die kieserskorps van die PU vir CHO.

Die alternatief, mnr. die Redakteur, word duidelik uitgespel, nl. die student moet andersins sy politieke beskouing as burger van die Republiek van Suid-Afrika handhaaf en nie as 'n lid van 'n georganiseerde studentegemeenskap nie.

Die uwe André Naude

### BROS-EKSAMEN VIR DORP-EERSTEJAARS

Die Redakteur,

Eerstens wil ek net graag die hele situasie t.o.v. die skryf van Bros-eksamen deur Dorp-eerstejaars op 25 Augustus 1977 verduidelik. Die vergadering waarop die Bros-reëlings aan Dorp-eerstejaars verduidelik sou word, het saamgeval met 'n huiskomitee tussenverkiesing waarvoor eerstejaars stemreg gehad het uit hoofde van die finale ontheffingsreëlings deur die Koshuisraad. Op dié vergadering het slegs "een" eerstejaar opgedaag, en gevolglik is die reëlings slegs aan hom meegedeel. Die eerste geleë tyd vir 'n vergadering was eers 'n week en 'n half later, 'n dag voor Bros-eksamen. Vanweë die gebrek aan samewerking deur die Eerstejaars was dit dus onmoontlik om voor die tyd aan hulle kennis te gee, en ex post facto sou dit katastrofiese gevolge gehad het om hulle één dag kans te gee om te leer vir Bros-eksamen. Die resultaat sou 'n totale druipsyfer wees, en gevolglik is besluit dat geen Dorpeerstejaar (buiten één) Broseksamen sou skryf nie, en dat 'n latere geleentheid met die Sentrale Studenteraad gereël sou word. Dit is dan oók gedoen, en uit hoofde van die meriete van die omstandighede, het die Studenteraad dan goedgunstiglik 'n vergunning gemaak dat Dorp se eerstejaars met die herkeksamen Bros kan skryf. Hiermee wil ek dan ook namens die Huiskomitee en Dorp se eerstejaars aan alle relevante partye, en veral mnr. Peet Badenhorst om verskoning vra vir die moeite en ongerief wat sodanige optrede en reëlings veroorsaak het, en hulle bedank vir die samewerking.

### HUISHUUR

Tweedens wil ek graag 'n paar opmerkings maak aan die nuwe bedeling hangende t.o.v. die verblyf van Dorpstudente en die huishuurbepalinge.

Eerstens is die opskrif waaronder die kwessie in die Wapad gerapporteer is, nie net onsmaaklik nie, maar ook foutief. Die voorgestelde maatreëls het nie ten doel om die Dagstudente "vas te vat nie", maar het ten doel om hulle juis te help, en eerder gewetenlose verhuurders vas te trap. Daarom moet daarop klem gelê word dat 'n rigoristiese toepassing van sodanige maatreëls onaanvaarbaar sou wees, en net aanleiding tot botsings en hofgedinge sal gee.

Hierdie maatreëls se aanvaarbare doel is m.i. om 'n menswaardige verblyf vir dorpstudente te verseker, en uitbuiting te verhoed. Om hierdie oogmerke te bereik is dit belangrik om sekere dinge in die oog te hou. Eerstens moet onderskeid getref word tussen gesinsbehoeftes en studentebehoeftes - sou gesinsbehoeftes in aanmerking geneem word, bv. by 'n huurvereiste by PUK se manskoshuise kan ons vir onsself die implikasies bedink. Daarom moet daar m.i. bepaal word wat die bestaande fasiliteite en verpligtinge is van 'n spesifieke wooneenheid, en dit moet aan die norm van 'n menswaardige verblyf aan die hand van studentebehoeftes gemeet word.

Tweedens moet daar natuurlik deurgaans onthou word dat die PU vir CHO ook 'n munisipale subjek en grondeienaars is, net soos enige ander grondeienaar en dat enige maatreëls van hierdie aard ook op die Universiteit van toepassing gemaak moet word (de lege tereida) en dat dit in gedagte gehou moet word by die vasstelling van sodanige norme.

Derdens moet daar gepoog word om twee oorweginge met mekaar te versoen. Die verblyf moontlikhede in die Dorp moet maksimaal ontgin word om aan die inwonersgroei aan die Universiteit te voldoen, en daardie verblyf moontlikhede moet so voordelig moontlik vir beide student en verhuurder gemaak word, met die klem op die menswaardigheid van die verblyf. Daar sal altyd onthou moét word dat vanaf met die moontlike koms van anderskleurige studente, die studentegetalle aan die PU vir CHO steeds sal vermeerder en dat die behoud of verkry van die genoemde balans al hoe moeiliker sal word. Dit is goed dat daar nou gestreef word om 'n balans te verkry tussen die hoeveelheid verblyf beskikbaar en die menswaardigheid daarvan, maar die stadsraad sal moet besef dat vanweë die voorregte en pligte van die huisvesting van tersiêre onderwysinstelling hy so goed as binne sy vermoë sal moet probeer om, veral binne dorpsgebied, die geskikte moontlikhede vir ontwikkeling van toekomstige verblyfgeriewe daar te stel sodat die vraag na verblyf nie té groot word en aanleiding gee tot wantoestande nie.

Om hierdie oogpunte te verwesentlik sal dit m.i. van kardinale belang wees dat daar in die toekoms noue samewerking sal bestaan tussen die stadsraad, die universiteitsowerhede en die huiskomitees en Dorp wat die dorpstudente se saak behartig. Sodoende sal botsings vermy word en almal se saak die beste gedien word.

MANIE MEYER
Primarius Dagstudente

# KOVSIES VOU ONVERWAGS

**Die halfeeu-intervarsity tussen die Pukke en die Kovsies het uitgeloop op een van die mees sensasionele oorwinnings in die annale van die Geeltruie.**

Hoewel die Shimlas op skrif moes wen, het die Pukke teen alle teorieë in rugby uit die boonste rakke gespeel. Dit het gelyk of die Puk-span vol Springbokke, junior Springbokke en Gaselle is.

Die Kovsies het hier aangekom met 'n geweldige sterk reputasie - elf van hulle is huidige Vrystaatspelers en nog drie het al vir die kampioen gespeel. Die Britse Leeu, Willie-John McBride het hulle gehelp met die finale voorbereidings van die wedstryd. Dit alles het bygedra dat die Kovsies se rugbyeer geskend is.

'n Verbasende aspek van die wedstryd was die wyse waarop die Pukvoorspelers hul regmatige aandeel balle uit die vaste spel gekry het. Manne soos André Markgraaff en Johan Strydom het in die lynstane bewys dat hulle nie 'n enkele tree hoef terug te staan vir manne soos Theuns Stoffberg en Ross van Reenen nie. In die losspel het die voorspelers vergoed vir die vier loskopballe wat hulle in die vasteskrums moes afstaan.

Die Pukke was voor die voet uitblinkers in dié wedstryd. Elke spanlid het 'n volle aandeel gehad in die Pukke se prag oorwinning. Dit is egter moeilik om name soos Flippie Venter, André Rossouw, Sors Greyling, James Stoffberg en Dries Coetzer te verswyg.

Een van die verrassendste voorvalle was die veertien-man-drie wat die Pukke gedruk het toe Hendrik Crafford ná 'n besering nie meer kon voortgaan nie. Gerhard Weitz het die drie geloods vanaf die Pukke se tientreëlyn, onder Gerrie Germishuys uitgehardloop en die drie onder die pale gaan druk.

Benoude oomblikke was daar genoeg. Daar was egter gelukkig op die heftigste oomblikke 'n man om die aanvaller te duik. Die Pukke het natuurlik glad nie met 'n verdedigende benadering gespeel nie. Gedurende die eerste helfte het hulle die voordeel van die wind gehad en gebiedsvoordeel geniet. Die tuisspan het ook nie die besoekers toegelaat om met hand-tot-hand-bewegings vorendag te kom nie.

André Rossouw het op losskakel eersteklas rugby gespeel. Die balle het telkens die regte behandeling gekry - die wat moes loop, het geloop en die wat moes trek, is geskop. Sy drie was 'n droomdrie. Flippie Venter, so kordaat soos altyd, verdien ook vermelding. Soveel daadkrag en deursettingsvermoë kry mens nie by elke speler nie.

Sors Greyling het met gemak balle uit die lug gevat. De Wet Ras se skoppe het hy soos 'n boek gelees en met gemak verwarring onder die Kovsies gesaai.

James Stoffberg en Dries Coetzer het uitmuntende spel gelewer. Dries was 'n ware kaptein vir sy span. Buiten sy kranige twee drieë het hy die Shimlas heeltemal verwar met sy vasste losspel.

Dié wedstryd was 'n wedstryd uit die boonste rakke; seker die beste wedstryd wat die afgelope jaar op Olënpark gespeel is. Dit was 'n wedstryd vol aksie en baie spanning, die tempo was vinnig en die standaard hoog.

Die Pukke het nou, ná ses jaar weer rede om breed te glimlag. Wat as die onmoontlike beskou is, is vermag. Die wedstryd het ook bewys dat die span wat geïnspireerd en besield is, dinge tot groot hoogtes kan voer.

PUNTE: Vir die Pukke was daar drieë deur James Stoffberg (2), André Rossouw en Gerhard Weitz. André Markgraaff het almal vervyf (een van die kantlyn af) en met 'n strafdoel van binne sy eie gebied geslaag. André Rossouw het ook 'n skepdoel behaal.

Die Kovsies se punte het bestaan uit drieë deur Gerrie Germishuys, Hermanus Potgieter, De Wet Ras, Henning van Aswegen en Hannes Hattingh. Ras het 'n skepdoel en twee doelskoppe bygevoeg.



*Theuns Eloff duik vir Gerrie Germishuys met mening.*
*Foto: Herald*

# SPRINGBOK-PUKKE IN WES-DUITSLAND

**Die ringtennis-springbokspan het van 6 Mei tot 2 Junie in Wes-Duitsland getoer, waar o.a. twee toetse gespeel is; beide toetse is deur die Springbokke verloor, alhoewel die meeste provinsiale wedstryde gewen is.**

Twee spelers van die Puk-ringtennisklub was by die span, wat uit twaalf lede bestaan het, ingesluit. Die afrigter was mnr. Daan Nel en die bestuurder prof. Max Faul. Daar het ook nog veertien ondersteuners saamgegaan. Die hele groep is in klein groepies van twee of drie verdeel en dan by verskeie gashere in elke dorp ingedeel. Die span het ook drie keer in sportskole tuisgegaan.

Benewens die twee toetse is daar elf wedstryde teen tuisspanne gespeel. Die Springbokke het almal gewen, behalwe een wat gelykop geëindig het. In Karlsruhe het die span ook aan 'n nasionale toernooi deelgeneem, wat op uitklopbasis gereël was. Alhoewel nie een Springbok die eindronde gehaal het nie, was die span tog suksesvol.

Tydens die toer is stede soos Hamburg, Frankfurt, Bonn, Bad Roderfeld en Heidelberg aangedoen.

Mnr. Wouter Burger, een van die Puk-springbokke, is van mening dat die Duitse ringtennis-standaard baie hoog is. Hulle tipe spel verskil ook van die Suid-Afrikaanse spel. "Hulle speel 'n baie vinniger, aanskouliker en aggressiewer ringtennis as ons" sê mnr. Burger. Hy sê ook dat die Springbokke probleme ondervind het met die spelpatroon, vertolking van reëls en skeidsregters. Tog speel die Wes-Duitsers beter ringtennis en het verdien om die toetse te wen.

Mnr. Burger meen dat Wes-Duitsland Suid-Afrika ver vooruit is t.o.v. geriewe vir sportmanne. Dit was ook vir hom opmerklik dat die mense daar meer fiksheidsbewus is.

"Die toer het vir ons ontsettend baie beteken en almal kan getuig dat dit 'n onvergeetlike ondervinding was. Aan alle sportmanne aan die Puk wil ek net graag hierdie laaste reël toevoeg: eers as jy só 'n hoë vlak in jou spesifieke sport bereik het, besef jy dat opoffering in sport die moeite werd is. Daarom sê ek ook dankie aan Ringtennis vir die kans wat dit my gegee het om só 'n toer mee te maak", aldus mnr. Burger.

# INTERVARSITY

**UITSLAE**

| | | Pukke | UOVS |
|---|---|---|---|
| Valskerm | | Onbeslis | |
| **Tennis** | | | |
| Mans | | 7 | 5 |
| Dames | | 5 | 7 |
| Caput | vs UOVS II | 20 | 40 |
| Klawerhof | vs UOVS II | 24 | 28 |
| Wag-'n-bietjie | vs UOVS III | 29 | 23 |
| **Muurbal** | | | |
| Mans | | 3 | 2 |
| Dames | | 1 | 4 |
| Trapkar | | 9 | 7 |
| **Skerm** | | | |
| Mans: Florette | | 5 | 4 |
| Sabel | | 2 | 7 |
| Degen | | 2 | 7 |
| Dames | | 5 | 4 |
| Gimnastiek | | 219,20 | 217,35 |
| Stoei | | 7 | 2 |
| **Pluimbal** | | | |
| A - spanne | | 3 | 4 |
| B - spanne | | 5 | 2 |
| Judo | | 40 | 20 |
| Karate | | 24 | 31 |
| Scuba | | 5900 | 4700 |
| Kano | | 34 | 14 |
| **Sokker** | | | |
| PU II | vs UOVS II | 2 | 1 |
| PU I | vs UOVS I | 0 | 1 |
| **Landloop** | | | |
| Mans | | 29 | 50 |
| Dames | | 11 | 28 |
| **Dameshokkie** | | | |
| PU II | vs UV II | 1 | 1 |
| Klawerhof | vs Madelief | 3 | 2 |
| Soetdorings | vs Wag-'n-bietjie | 1 | 3 |
| Kasteel I | vs Van der Merwe | 0 | 2 |
| PU I | vs UV I | 0 | 1 |
| Wanda | vs Welwitchia | 0 | 2 |
| Karlien II | vs Stad | 1 | 2 |
| Wag-'n-bietjie | vs Steyn | 0 | 2 |
| Vergeet-my-nie | vs Soetdorings | 0 | 0 |
| Karlien I | vs Akasia | 0 | 2 |
| Manshokkie | | 2 | 3 |
| **Netbal** | | | |
| Klawerhof | vs UV O/20 A | 6 | 16 |
| Kulu | vs Van der Merwe | 14 | 17 |
| Oosterhof | vs Soetdorings | 11 | 19 |
| Wanda | vs Welwitchia | 7 | 12 |
| Heide II | vs Kestell | 7 | 10 |
| PU II | vs UV II | 16 | 20 |
| Karlien | vs UV O/20 B | 8 | 20 |
| Heide | vs Vergeet-my-nie | 17 | 11 |
| Wag-'n-bietjie | vs Steyn | 6 | 12 |
| PU I | vs UV I | 21 | 16 |
| **Rugby** | | | |
| PU O/20 B | vs De Wet I | 11 | 30 |
| Caput III | vs De Wet II | 10 | 9 |
| Hombré III | vs Olienhout III | 11 | 3 |
| Dawie Dup III | vs Karee III | 6 | 23 |
| Over de Voor III | vs Verwoerd II | 26 | 6 |
| Dorp III | vs Stad III | 22 | 7 |
| Klooster II | vs Reitz II | 0 | 19 |
| Drakenstein II | vs Kiepersol II | 0 | 21 |
| PU O/20 A | vs Olienhout I | 24 | 10 |
| Caput II | vs Karee II | 4 | 12 |
| Hombré II | vs Malherbe II | 10 | 14 |
| Dawie Dup II | vs Hertzog II | 10 | 11 |
| Over de Voor II | vs Stad II | 6 | 18 |
| Dorp II | vs Olienhout II | 24 | 0 |
| Klooster I | vs Vishuis I | 12 | 20 |
| Drakenstein I | vs Malherbe I | 11 | 9 |
| PU II | vs Stad I | 9 | 6 |
| Caput I | vs Kiepersol I | 10 | 4 |
| Hombré I | vs Verwoerd I | 0 | 20 |
| Dawie Dup I | vs Hertzog I | 10 | 32 |
| Over de Voor I | vs Reitz I | 6 | 4 |
| Dorp I | vs Karee I | 16 | 16 |
| Jongspan | vs UV O/20 A | 8 | 32 |
| Ibbies | vs Irawas | 26 | 23 |
| PU I | vs UV I | 30 | 27 |

# *Mooi só IBBIES*

**Die Ibbies het die Irawas in die hoofvoorwedstryd van intervarsity met 26-23 verslaan ná 'n rustydtelling van vier punte elk.**

Hoewel die eindfluitjie die Ibbies "gered" het, het hulle nogtans goeie spel gelewer. Hulle het die grootste deel van die wedstryd die hef in die hand gehad. Dit was net in die laaste tien minute wat dit gelyk het asof hulle dit nie sou maak nie.

Deur die hele wedstryd het humeure soms kwaai vlamgevat. Hoewel dit soms bedaar het, is geen genade betoon nie. Die vurigheid het voortgeduur.

Die Irawas het kort voor rustyd 4-0 voorgeloop. Gelukkig het Ben de Klerk net voor halftyd die telling met 'n drie gelykop gemaak. Die Ibbies het 'n beheers-de spel gespeel en goeie spanwerk gelewer. Godfried Kotzé (skrumskakel) het 'n belangrike rol in die wedstryd gespeel. Sy hotklouskoppe, saam met teen die wind, het die Irawas heeltemal verbouereerd gelaat.

Net ná rustyd het Johan Schoonraad punte met 'n drie aangeteken en die Pukke het enduit voorgebly. Die res van die punte het bestaan uit 'n drie deur Riegerdt Nortjé en 'n strafdrie wat albei deur Jannie Tiedt gedoel is. Gerhard van Deventer het met sy skopskoen ook twee strafdoele se punte ingeoes.

**Volkskas praat die taal van kundiges**

**Die taal wat Volkskas praat, val soos klinkende munt op die oor van die vernuftige belegger.**

**Volkskas kan bekostig om soos 'n kenner sy sê te sê; want sedert die vroegste dae groei Volkskas saam met die land en sy mense. Ken hy hulle aard, hulle behoeftes, hulle lojaliteite.**

**Daarom praat Volkskas saam ... in 'n tradisie van diens en kundigheid.**

**Kom praat met die bank wat verstaan.**

Volkskas
(Geregistreerde Handelsbank)